KENNISGEWING No. 89 VAN 1955.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

EKSAMEN VIR MYNOPMETERS.

Hierby word bekendgemaak dat die volgende eksamen vir sertifikate van bevoegdheid as mynopmeter op Woensdag, Donderdag en Vrydag, 9, 10 en 11 Maart 1955, op verskillende plekke in die Unie, en indien daar kandidate van Bulawayo, Salisbury en Ndola is, tegelykertyd ook daar afgeneem sal word.

Inskrywings moet voor of op 12 Februarie 1955 ingestuur word op die voorgeskrewe aansoekvorm wat op aanvraag by die Sekretaris van die Eksamenkommissies, Posbus 1132, Johannesburg, verkrygbaar is.

Onderstaande eksamenleerplan word vir algemene inligting gepubliseer, en 'n afskrif daarvan met volledige besonderhede sal deur die Sekretaris op aanvraag verstrek word.

Kandidate moet in die volgende vakke eksamen doen:—

1. Opmeting.
2. Rekenkunde, stelkunde, meetkunde en vlakdriehoeksmeting.
3. Aardkunde.
4. Mynwaardering.
5. Regskennis.

Die kandidaat moet op die eerste eksamendag 'n proefplan, vergesel van 'n beëdigde verklaring dat hy dit self gedoen het, voorlê. M.M. 57/4.

MISCELLANEOUS.

NOTICE No. 89 OF 1955.

DEPARTMENT OF MINES.

MINE SURVEYORS' EXAMINATION.

It is hereby notified that the next examination for Mine Surveyors' Certificates of Competency will be held at various centres in the Union on Wednesday, Thursday and Friday, the 9th, 10th and 11th March, 1955, and also simultaneously at Bulawayo, Salisbury and Ndola, if there are any applicants from these centres.

Entries must be submitted not later than the 12th February, 1955, on the prescribed form of application which is obtainable from the Secretary to the Commissions of Examiners, P.O. Box 1132, Johannesburg.

The following syllabus of examination is published for general information, and a detailed copy thereof will be supplied on application to the Secretary.

Candidates will be examined in the following subjects:—

1. Surveying.
2. Arithmetic, algebra, geometry and plane trigonometry.
3. Geology.
4. Mine valuation.
5. Legal knowledge.

The candidate will be required to submit on the first day of examination a specimen plan accompanied by an affidavit stating that he has executed the plan himself.

M.M. 57/4.
28-4-11

✱ KENNISGEWING No. 114 VAN 1955.

WET OP MATEN EN GEWIGHTEN, 1922.

Ingevolge artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasie 3 (1), deel I, van die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Germiston en Boksburg, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente, gewigte of mate voor of op 22 Maart 1955 moet vertoon sodat hulle nagesien en geyk of heryk kan word.

'n Handelaar wie se perseel verder weg is as 12 myl van die naaste ykstasie wat in onderstaande lys vermeld word, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk mits hy sonder versuim ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Iemand wat vaste meetinstrumente of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 3556, Johannesburg, of die polisiekantoor wat die naaste is aan die plekke wat in onderstaande lys genoem word, dadelik skriftelik in kennis stel van die plek waar sulke instrumente is sodat hulle, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die yker sal teenwoordig wees op die plekke, datums en ure wat in onderstaande lys vermeld word.

F. E. ROWLAND,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 28 Januarie 1955.

BYLAE.

Alberton, Stadsaal, van 9 vm. tot 3 nm., 28 Februarie 1955.

Germiston, Magistraatshof, van 9.30 vm. tot 3.30 nm., 1, 2, 3 en 4 Maart 1955.

Kempton Park, Munisipale Kantore, Kemptonweg 25, van 9.30 vm. tot 12.30 nm., 7 Maart 1955.

Modderfontein, Modderfonteinhekwinkel, van 2 nm. tot 3 nm., 7 Maart 1955.

Edenvale, Skoolsaal, van 9.30 vm. tot 3 nm., 8 Maart 1955.

Primrose, Automatiese Sentrale, Ashstraat, van 9.30 vm. tot 3 nm., 9 en 10 Maart 1955.

Elandsfontein, Judelman se Kontantwinkel, van 10 vm. tot 11 vm., 11 Maart 1955.

Elsburg, Stadsaal, van 2 nm. tot 3 nm., 11 Maart 1955.

Germistonlokasie, Gordon se Kontantwinkel, Spoorwegstraat, Erf No. 461, van 9.30 vm. tot 3 nm., 14 en 15 Maart 1955.

Stirtonville, Biersaal, van 9.30 vm. tot 3 nm., 16 Maart 1955.

Boksburg, Munisipale Mark, van 9.30 vm. tot 3 nm., 17 en 18 Maart 1955.

Boksburg-Noord, Eeufeessaal, van 9.30 vm. tot 3 nm., 21 Maart 1955.

✱ KENNISGEWING No. 115 VAN 1955.

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Ingevolge artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasie 3 (1), Deel I, van die Regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Pinetown, Umlazi (Umbumbulu), Umzinto en Port Shepstone, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente, gewigte of mate voor of op 23 April 1955 moet vertoon sodat hulle nagesien en geyk of heryk kan word.

✱ NOTICE No. 114 OF 1955.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with regulation 3 (1), Part I, of the regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Germiston and Boksburg, having weighing or measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 22nd March, 1955.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest Assize Station shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises, provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments, having a weighing capacity exceeding 600 lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 3556, Johannesburg, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule of the position thereof, in order that they may be assized on the premises, if required.

Where instruments are assized on traders' premises, additional charges are made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

F. E. ROWLAND,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 28th January, 1955.

SCHEDULE.

Alberton, Town Hall, from 9 a.m. to 3 p.m., 28th February, 1955.

Germiston, Magistrate's Court, from 9.30 a.m. to 3.30 p.m., 1st, 2nd, 3rd and 4th March, 1955.

Kempton Park, Municipal Offices, 25 Kempton Road, from 9.30 a.m. to 12.30 p.m., 7th March, 1955.

Modderfontein, Modderfontein Gate Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 7th March, 1955.

Edenvale, School Hall, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 8th March, 1955.

Primrose, Automatic Exchange, Ash Street, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 9th and 10th March, 1955.

Elandsfontein, Judelman's Cash Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 11th March, 1955.

Elsburg, Town Hall, from 2 p.m. to 3 p.m., 11th March, 1955.

Germiston Location, Gordon's Cash Store, Railway Street, Stand No. 461, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 14th and 15th March, 1955.

Stirtonville, Beer Hall, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 16th March, 1955.

Boksburg, Municipal Market, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 17th and 18th March, 1955.

Boksburg North, Centenary Hall, from 9.30 a.m. to 3 p.m., 21st March, 1955.

✱ NOTICE No. 115 OF 1955.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with regulation 3 (1), Part I, of the regulations under the Act that all persons in the Magisterial Districts of Pinetown, Umlazi (Umbumbulu), Umzinto and Port Shepstone, having weighing or measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 23rd April, 1955.

'n Handelaar wie se perseel verder weg is as 12 myl van die naaste ykstasie wat in onderstaande lys genoem word, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk mits hy sonder versuim ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Iemand wat vaste meetinstrumente of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 1047, Durban, of die polisiekantoor wat die naaste is aan die plekke wat in onderstaande lys genoem word, dadelik *skriftelik* in kennis stel van die plek waar sulke instrumente is sodat hulle, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die yker sal teenwoordig wees op die plekke, datums en ure wat in onderstaande lys vermeld word.

F. E. ROWLAND,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 28 Januarie 1955.

BYLAE.

Pinetown, Morrison se Pakkamer, van 9 vm. tot 4 nm., 2 Maart 1955.
Cleremontdorp, Gesondheidskomiteesentrum, 9 vm. tot 3 nm., 3 Maart 1955.
Umhlatuzana, „The Mill Store", Mariaanhill, 10 vm. tot 11 vm., 8 Maart 1955.
Kloof, Silverstone-winkel, van 9 vm. tot 11 vm., 9 Maart 1955.
Hillcrest, Hillcrest-slagtery, van 9 vm. tot 12 middag, 10 Maart 1955.
Umbumbulu, Collins & Boffa (Edms.), Bpk., van 10 vm. tot 12 middag, 14 Maart 1955.
Dududu, Dududu-winkel, van 10 vm. tot 12 middag, 15 Maart 1955.
Umkomaas, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 1 nm., 16 Maart 1955.
Roseneath, C. S. Naidoo & Kie., van 9 vm. tot 10 vm., 17 Maart 1955.
Scottburgh, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 18 Maart 1955.
Park Rynie, „Crossroads Trading Co.", van 10 vm. tot 11 vm., 22 Maart 1955.
Sawoti, die firma Archibald & Kie., van 10 vm. tot 12 middag, 23 Maart 1955.
Braemar, die firma Archibald & Kie., van 2 nm. tot 3 nm., 23 Maart 1955.
Umzinto, Kismet-basaar, van 9 vm. tot 3 nm., 24 en 25 Maart 1955.
Ardee, mnr. C. P. R. Cole se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 29 Maart 1955.
Glen Echo, mnr. G. H. Wayne se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 30 Maart 1955.
Mtwalume, die firma Archibald & Kie., van 2 nm. tot 3 nm., 1 April 1955.
Hibberdene, mnr. T. Warringhan se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 4 April 1955.
Madhlala, mnr. A. H. Gill se winkel, van 2 nm. tot 3 nm., 4 April 1955.
Umzumbe, mnr. J. Scot-Taylor se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 5 April 1955.
Southport, Southport-winkel, van 2 nm. tot 3 nm., 5 April 1955.
Port Shepstone, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 13 en 14 April 1955.
Margate, die Economic & Amalgamated Handelaars, van 9 vm. tot 3 nm., 15 April 1955.
Mehlomnyama, Mehlo-winkel, van 9 vm. tot 11 vm., 19 April 1955.
Paddock, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 12 middag, 20 April 1955.
Munster, mnr. Sawyer se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 21 April 1955.
Port Edward, „Our Stores", van 2 nm. tot 3 nm., 21 April 1955.
Bellevue, gebr. Barbour se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 22 April 1955.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest Assize Station shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises, provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments having a weighing capacity exceeding 600 lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 1047, Durban, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule, of the position thereof, in order that they may be assized on the premises if required.

Where instruments are assized on traders' premises, additional charges are made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

F. E. ROWLAND,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 28th January, 1955.

SCHEDULE.

Pinetown, Morrison's Store Room, from 9 a.m. to 4 p.m., 2nd March, 1955.
Cleremont Township, Health Commission Centre, 9 a.m. to 3 p.m., 3rd March, 1955.
Umhlatuzane, The Mill Store, Mariannhill, 10 a.m. to 11 a.m., 8th March, 1955.
Kloof, Silverstone Store, from 9 a.m. to 11 a.m., 9th March, 1955.
Hillcrest, Hillcrest Butchery, from 9 a.m. to 12 noon, 10th March, 1955.
Umbumbulu, Collins & Boffa (Pty.), Ltd., from 10 a.m. to 12 noon, 14th March, 1955.
Indudutu, Dududu Trading Store, from 10 a.m. to 12 noon, 15th March, 1955.
Umkomaas, Police Station, from 9 a.m. to 1 p.m., 16th March, 1955.
Roseneath, C. S. Naido & Co., from 9 a.m. to 10 a.m., 17th March, 1955.
Scottburgh, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 18th March, 1955.
Park Rynie, Crossroads Trading Co., from 10 a.m. to 11 a.m., 22nd March, 1955.
Sawoti, Messrs. Archibald & Co., from 10 a.m. to 12 noon, 23rd March, 1955.
Braemar, Messrs. Archibald & Co., from 2 p.m. to 3 p.m., 23rd March, 1955.
Umzinto, Kismet Bazaar, from 9 a.m. to 3 p.m., 24th and 25th March, 1955.
Ardee, Mr. C. P. R. Coles Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 29th March, 1955.
Glen Echo, Mr. G. H. Wayne's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 30th March, 1955.
Umtwalumi, Messrs. Archibald & Co., from 2 p.m. to 3 p.m., 1st April, 1955.
Hibberdene, Mr. T. Worringhan's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 4th April, 1955.
Madhlala, Mr. A. H. Gill's Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 4th April, 1955.
Umzumbi, Mr. J. Scot-Taylor's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 5th April, 1955.
Southport, Southport Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 5th April, 1955.
Port Shepstone, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 13th and 14th April, 1955.
Margate, The Economic & Amalgamated Traders, from 9 a.m. to 3 p.m., 15th April, 1955.
Mehlomnyama, Mehlo Stores, from 9 a.m. tot 11 a.m., 19th April, 1955.
Paddock, Police Station, from 10 a.m. to 12 noon, 20th April, 1955.
Munster, Mr. Sawyer's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 21st April, 1955.
Port Edward, "Our Stores", from 2 p.m. to 3 p.m., 21st April, 1955.
Bellevue, Barbour Bros' Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 22nd April, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 116 VAN 1955.

AANSOEK OM DIE UITHOU VAN GROND AS 'N HANDELSTERREIN.

Hierby word bekendgemaak dat Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary), Limited, die geregistreerde eienaar van die plaas Stuirmanspan No. 92, distrik Welkom, myndistrik Oranje-Vrystaat, Provinsie Oranje-Vrystaat, ingevolge die bepalings van artikel *vier* van die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), aansoek gedoen het om die uithou as 'n handelsterrein kragtens artikel *ses* van die Wet, van 'n stuk geproklameerde grond wat ongeveer 39,361·19 vierkante voet groot en op bogenoemde plaas geleë is en kragtens mynbrief deur President Brand Gold Mining Company, Limited, gehou word.

Volledige besonderhede betreffende die terrein waarom aansoek gedoen is, kan verkry word uit 'n kaart, R.M.T. No. 16, wat die applikant by my ingelewer het.

Hierdie aansoek, tesame met besware daarteen sal om 2 nm. op die 15de dag van Maart 1955, deur my oorweeg word op my kantoor, Kamer 101, Volkskasgebou, hoek van Maitland- en Aliwalstraat, Bloemfontein.

Almal wat beswaar teen die uithou van gemelde grond as 'n handelsterrein wil aanteken, moet besonderhede van hul besware voor of op die 8ste dag van Maart 1955, skriftelik by my op my kantoor, Kamer 101, Volkskasgebou, hoek van Maitland- en Aliwalstraat, Bloemfontein, indien en afskrifte van sodanige besware voor of op genoemde datum aan die aansoeker, Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary), Limited, Mainstraat 44, Johannesburg, beteken.

Gedateer te Bloemfontein, op hede die 26ste dag van Januarie 1955.

F. W. H. KLEYN,
Waarnemende Mynkommissaris, O.V.S.

Kantoor van die Mynkommissaris,
Bloemfontein.

11-18-25-4

✱ KENNISGEWING No. 117 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN NONNARIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat die heer W. Naude behoorlik herkies is tot lid van bogenoemde Raad vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

J. A. PIENAAR,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Worcester,
28 Januarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 118 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN RIETPOORT.

Hierby word ooreenkomstig paragrawe 9 en 19 van deel IV van die regulasies wat kragtens die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, opgestel is, bekendgemaak dat die ampstermyn van mej. J. A. M. M. Rosseau op 2 April 1955 verstryk.

Verder word bekendgemaak dat 'n openbare hofsitting om 10 vm. op Woensdag, 16 Maart 1955, in die Magistraatskantoor, Parys, distrik Parys, gehou sal word vir die nominasie en verkiesing van 'n lid om die vakature te vul. Die lid wat verkies word, sal die amp beklee vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie van sy verkiesing in die *Staatskoerant*.

C. H. ROSE-INNES,
Magistraat en Kiesbeampte.

Magistraatskantoor,
Parys, O.V.S.,
28 Januarie 1955.

✱ NOTICE No. 116 OF 1955.

APPLICATION FOR RESERVATION OF LAND AS A TRADING SITE.

Notice is hereby given that Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary), Limited, the registered owner of the farm Stuirmanspan No. 92, District Welkom, Mining District and Province of the Orange Free State, has made application in terms of section *four* of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), for the reservation in accordance with section *six* of the Act, of an area of proclaimed land held under mining title by President Brand Gold Mining Company, Limited, in extent approximately 39,361·19 square feet, situate on the above-mentioned farm, as a trading site.

Full particulars of the area applied for may be obtained from a plan, R.M.T. No. 16, lodged in this office by the applicant.

This application, together with any objections thereto will be considered by me at my office, Room 101, Volkskas Building, corner of Maitland and Aliwal Streets, Bloemfontein, on the 15th day of March, 1955, at 2 p.m.

All persons having objections to the reservation of the ground in question as a trading site, are required to lodge particulars of their objections, in writing, with me at my office, Room 101, Volkskas Building, corner of Maitland and Aliwal Streets, Bloemfontein, and serve copies thereof on the applicant, Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary), Limited, of 44 Main Street, Johannesburg, on or before the 8th day of March, 1955.

Dated at Bloemfontein this 26th day of January, 1955.

F. W. H. KLEYN,
Acting Mining Commissioner, O.F.S.

Office of the Mining Commissioner,
Bloemfontein.

✱ NOTICE No. 117 OF 1955.

NONNA RIVER IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. W. Naude has been duly re-elected member of the above board for a period of three years from the date of publication hereof in the *Government Gazette*.

J. A. PIENAAR,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Worcester,
28th January, 1955.

✱ NOTICE No. 118 OF 1955.

RIETPOORT IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given in terms of paragraphs 9 and 19 of part IV of the regulations under the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, that the period of office of Miss J. A. M. M. Rosseau will expire on 2nd April, 1955.

It is further notified that a Public Court will be held in the Magistrate's Office, Parys, District Parys, at 10 a.m. on Wednesday, the 16th March, 1955, for the nomination and election of a member to fill the vacancy. The member elected will hold office for a period of three years from the date of publication of his election in the *Government Gazette*.

C. R. ROSE-INNES,
Magistrate and Returning Officer.

Magistrate's Office,
Parys, O.F.S.,
28th January, 1955.

✱ KENNISGEWING No. 119 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN LOERIE.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. J. J. R. van Onselen en A. A. C. du Pisanie behoorlik tot lede van bogenoemde Raad gekies is. Mnre. J. J. R. van Onselen en A. A. C. du Pisanie sal die amp beklee vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*.

J. E. MOONY,
Magistraat.

Port Elizabeth,
25 Januarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 120 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN HOOPSRIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat mnre. D. J. Colyn en A.P.S. Colyn tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan en dat mnre. A. P. Malherbe en E. J. Bruwer vir 'n tydperk van een jaar met ingang van dieselfde datum tot lede van genoemde Raad gekies is.

D. R. JACOBS,
Magistraat.

Robertson,
27 Januarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 121 VAN 1955.

KENNISGEWING VAN ONTVLUGTING.

'n Beloning van drie pond en alle redelike uitgawes sal betaal word vir die hergevangeneming van ondergenoemde bandiet:—

MANELE XULU.

Ontvlug uit Tronk, Vryheid; datum van ontvlugting, 22 Januarie 1955; stamnaam, Xulu; vader se naam, Mavele; geboorteplek, Zunquin; ras, Zoeloe; beroep, arbeider; ouderdom, 45 jaar; lengte, 5 vt. 4 dm.; hare, swart, kroes; oë, donkerbruin; gelaatskleur, donkerbruin; liggaamsbou, skraal; mond, groot; neus, plat; ore, groot; ken, rond; gesig, ovaal; baard, geskeer; snorbaard, geskeer; tande, gesond.

Littekens.—Aan voorkop, regtervoorarm en regterhand.

Klere ten tyde van ontvlugting: Baadjie, wit seildoek; kortbroek, molvel; hemp, rooi flanel; gemerk, breë hoenderspoor.

Is as volg gevonnis: Deur Magistraat te Vryheid op 22 Januarie 1955 weens kweek van dagga tot £180 of 18 maande harde arbeid.

✱ KENNISGEWING No. 122 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

AFSTANDDOENING VAN PERMIT OM STANDAARDMERK AAN TE BRING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar vrywillig afstand gedoen is van ondergenoemde permitte om die S.A.B.S.-ellips-diamantstandaardmerk op die aangeduide produk aan te bring:—

✱ NOTICE No. 119 OF 1955.

LOERIE IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that Messrs. J. J. R. van Onselen and A. A. C. du Pisanie have been duly elected members of the above board. Messrs. J. J. R. van Onselen and A. A. C. du Pisanie will serve for a period of three years from the date of this publication in the *Gazette*.

J. E. MOONY,
Magistrate.

Port Elizabeth,
25th January, 1955.

✱ NOTICE No. 120 OF 1955.

HOOPS RIVER IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Messrs. D. J. Colyn and A. P. S. Colyn have been re-elected as members of the above-mentioned Board for a period of three years and Messrs. A. P. Malherbe and E. J. Bruwer are elected for a period of one year from date of publication hereof.

D. R. JACOBS,
Magistrate.

Robertson,
27th January, 1955.

✱ NOTICE No. 121 OF 1955.

NOTICE OF ESCAPE.

A reward of three pounds and all reasonable expenses will be paid for the recapture of the undermentioned convict:—

MANELE XULU.

Escaped from Gaol, Vryheid; date of escape, 22nd January, 1955; tribal name, Xulu; father's name, Mavele; birth place, Zunquin; race, Zulu; calling, labourer; age, 45 years; height, 5 ft. 4 in.; hair, black, frizzed out; eyes, dark brown; complexion, dark brown; built, slender; mouth, large; nose, flat; ears, large; chin, round; face, oval; beard, shaven; moustache, shaven; teeth, sound.

Scars.—On forehead, right forearm and right hand.

Clothes at time of escape: Tunic, white duck; shorts, moleskin; shirt, red flannel; marked, broad arrow.

Was sentenced as follows: By Magistrate at Vryheid on 22nd January, 1955, for planting dagga, to £180 or 18 months with hard labour.

✱ NOTICE No. 122 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

SURRENDER OF PERMIT TO APPLY STANDARDIZATION MARK.

It is hereby notified for general information that the undermentioned permits to apply the S.A.B.S.-ellipse-diamond standardization mark to the commodities listed below have been voluntarily surrendered:—

Permit No. *Permit No.*	Besonderhede van handelsartikel ten opsigte waarvan van permit afstand gedoen is. *Details of Commodity in Respect of which Permit has been Surrendered.*	S.A.B.S.-spesifikasie van toepassing. *S.A.B.S. Specification Applicable.*	Permit het verstryk op. *Permit Terminated on.*
38/93.....	„Star" drukkerslood vir meganiese setmasjiene/" *Star" printers metal for mechanical type-casting machines*	12–1950	26/11/54
38/94.....	„Star" sagte soldeersels/" *Star" soft solders*.....	24–1948	26/11/54
201/274....	„Corncob" galvanies oorgetrekte nieu-silwer voorwerpe vir huishoudelike en hotel gebruik/" *Corncob" electroplated nickel-silver articles for domestic and hotel use*	96–1953	f/12/54

✱ KENNISGEWING No. 123 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, kragtens artikel *veertien* van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, permitte uitgereik het om die ellips-diamantstandaardmerk soos hieronder afgebeeld, aan te bring in ooreenstemming met die besonderhede in onderstaande Bylae verstrek:—

✱ NOTICE No. 123 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, in terms of section *fourteen* of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, has issued permits to apply the ellipse diamond standardization mark as indicated below in accordance with the particulars displayed in the Schedule hereunder:—

Permit No. *Permit No.*	Besonderhede van produk ten opsigte waarvan permit uitgereik is. *Details of Commodity in Respect of which Permit has been Issued.*	S.A.B.S.-spesifikasie van toepassing. *S.A.B.S. Specification Applicable.*	Permit geldig met ingang van. *Permit Valid as from.*
272/374....	Asfaltiese materiaal vir horisontale vogwerende lae/*Asphaltic material for horizontal damp-proof courses*	248–1950	15/11/54
152/375....	„ Plascon " sinkchroomgrondverf vir nie-weerkaatsende olyfgroen camoufleer-emalje/" *Plascon* " *zinc chrome primer for non-reflective olive green camouflage enamel*	396–1952	29/11/54
152/376....	„ Plascon " grondverf met 'n meniebasis vir boustaal/" *Plascon* " *red lead base primers for structural steel*	312–1951	29/11/54
19/377.....	„ Disa " nie-weerkaatsende olyfgroen camoufleer-emalje/" *Disa* " *non-reflective olive green camouflage enamel*	311–1951	1/11/54
19/378.....	„ Disa " sinkchroomgrondverf vir nie-weerkaatsende olyfgroen camoufleer-emalje/" *Disa* " *zinc chrome primer for non-reflective olive green camouflage enamel*	396–1952	1/11/54
19/379.....	„ Disa " grondverf met 'n meniebasis vir boustaal/" *Disa* " *red lead primers for structural steel*	312–1951	1/11/54
180/38?....	„ Delmorine Special " chassisghries/" *Delmorine Special* " *chassis grease*....	352–1952	29/11/54

✱ KENNISGEWING No. 124 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, ingevolge artikel *drie* (*a*) *bis* van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, besluit het om spesifikasies vir die volgende handelsartikels op te stel:—

Nylonkouse (spesifikasie en kode).
Aanwending van bekledings aan geboue (kode).
Bakteriologiese standaarde vir room.
Draad vir die aanmekaarwerk en vaskram van skryfbehoeftes en dose.
Standaardtoestande in toetslaboratoriums (kode).
Wolstof vir jasse.

✱ NOTICE No. 124 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, in terms of section *three* (*a*) *bis* of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, has decided to prepare specifications in respect of the following commodities:—

Nylon stockings (specification and code).
Application of panelling to buildings (code).
Bacteriological standards for cream.
Wire for the stitching and stapling of stationery and boxes.
Standard conditions in test laboratories.
Woollen overcoating.

✱ KENNISGEWING No. 125 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

AFSTANDDOENING VAN PERMIT OM STANDAARDMERK AAN TE BRING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar vrywillig afstand gedoen is van ondergenoemde permit om die „ Leeu "-standaardmerk op die aangeduide produkte aan te bring:—

✱ NOTICE No. 125 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

SURRENDER OF PERMIT TO APPLY STANDARDIZATION MARK.

It is hereby notified for general information that the undermentioned permit to apply the " Lion " standardization mark to the commodity indicated has been voluntarily surrendered:—

Permit No. *Permit No.*	Naam en adres van houer van permit. *Name and Address of Holder of Permit.*	Besonderhede van handelsartikel ten opsigte waarvan van permit agstand gedoen is. *Details of Commodity in Respect of which Permit is Surrendered.*	S.A.B.S.-spesifikasie van toepassing. *S.A.B.S. Specification Applicable.*	Rede vir afstand. *Reason for Surrender.*
201/276....	South African Goldware (Pty.), Ltd., Johannesburg	Artikels gemaak van sterlingsilwer/ *Articles made of sterling silver*	30–1948	Artikels word nie meer vervaardig nie/ *Articles are no longer manufactured.*

✱ KENNISGEWING No. 126 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde op sy nege-en-negentigste vergadering, gehou op 13 Desember 1954, die hersiening van onderstaande spesifikasies goedgekeur het en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake sy goedkeuring geheg het aan die behoud van die standaardmerk ten opsigte van die hersiene spesifikasies.

Die Raad het verder besluit dat alle houers van permitte om die standaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik kan voortgaan met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die artikels ooreenkomstig die hersiene spesifikasie, en verder dat die voorgeskrewe standaardmerk in elk geval nie meer na 30 Junie 1955 op die handelsartikels wat ooreenkomstig die oorspronklike spesifikasies vervaardig is, toepaslik sal wees nie.

✱ NOTICE No. 126 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, at its ninety-ninth meeting held on the 13th December, 1954, agreed to the revision of the undermentioned specifications and that the Honourable the Minister of Economic Affairs has approved the retention of the standardization mark in respect of the revised specifications.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the standardization mark to the commodities listed below, may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the articles in accordance with the revised specification, and furthermore, that the prescribed standardization mark shall in any event after the 30th of June, 1955, cease to be applicable in respect of commodities manufactured in accordance with the original specifications.

Oorspronklike spesifikasie No. *Previous Specification No.*	Nuwe spesifikasie No. *New Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Merk. *Mark.*
297–1952.....	297–1954.....	Asfaltmastiek vir dakbedekking/*Mastic asphalt for roofing*	
298–1952.....	298–1954.....	Asfaltmastiek vir vogwerende lae en waterdigmaking/*Mastic asphalt for damp-proof courses and tanking*	
422–1952.....	422–1954.....	Randgenaaide skoene vir hospitaalverpleegsters/*Hospital nurses' shoes*	

✱ KENNISGEWING No. 128 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

INTREKKING VAN PERMIT OM STANDAARDMERK AAN TE BRING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar vrywillig afstand gedoen is van ondergenoemde permit om die „Springbok"-standaardmerk op die aangeduide produkte aan te bring:—

✱ NOTICE No. 128 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

WITHDRAWAL OF PERMIT TO APPLY STANDARDIZATION MARK.

It is hereby notified for general information that the undermentioned permit to apply the "Springbok" standardization mark to a commodity has been voluntarily surrendered:—

Permit No. *Permit No.*	Naam en adres van houer van permit. *Name and Address of Holder of Permit.*	Besonderhede van handelsartikel ten opsigte waarvan van permit afstand gedoen is. *Details of Commodity in Respect of which Permit is Surrendered.*	S.A.B.S.-spesifikasie van toepassing. *S.A.B.S. Specification Applicable.*	Permit het verstryk op. *Permit Terminated on.*
89/87.....	Edgar Machlup en/*and* Heinz Machlup, Johannesburg	Artikels wat van goud gemaak is/*Articles made of gold*	29–1948	9/12/54

✱ KENNISGEWING No. 127 VAN 1955.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde op sy nege-en-negentigste vergadering gehou op 13 Desember 1954, onderstaande spesifikasies gewysig het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die standaardmerk ten opsigte van die gewysigde spesifikasies goedgekeur het.

Die Raad het verder besluit dat houers van permitte om die ellips-diamant-tandaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik mag voortgaan met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasies, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval nie meer na 30 Junie 1955 van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies nie.

✱ NOTICE No. 127 OF 1955.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, at its ninety-ninth meeting, held on the 13th December, 1954, amended the specifications listed below, and that the Honourable the Minister of Economic Affairs has been pleased to approve the retention of the standardization mark in respect of the amended specifications.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the ellipse diamond standardization mark to the commodities listed below, may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the product in accordance with the amended specifications, and furthermore, that the standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specification after the 30th of June 1955.

Persone wat eksemplare van die oorspronklike spesifikasies besit, kan op aanvraag, kosteloos en posvry, eksemplare van die wysigingstrokies by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, verkry.

Persons in possession of copies of the original specifications may on application obtain gratis copies of the amendment slips, post free, from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Spesifikasie No. *Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Bestek van wysiging. *Scope of Amendment.*	Merk. *Mark.*
33–1948.....	Glasmelkbottels/*Glass milk bottles*	Die spesifikasie is gewysig ten opsigte van die afmeting van die diameter van die skyfbedding/*The specification has been amended in regard to the dimensions for the diameter for the disc seat*	
346–1952.....	Sajetserge/*Worsted serge*.....	Die spesifikasie is gewysig wat betref die samestelling van sajetserge/*The specification has been amended in regard to the composition of worsted serge*	

NOTA.—Hierdie kennisgewing vervang Goewermentskennisgewing No. 2486 van *Staatskoerant* No. 4287 van 25 November 1949, en Goewermentskennisgewing No. 1599 van *Staatskoerant* No. 4866 van 11 Julie 1952.

NOTE.—This notice supersedes Government Notice No. 2486 of *Gazette* No. 4287 of the 25th of November, 1949, and Government Notice No. 1599 of *Gazette* No. 4866 of the 11th of July, 1952.

✱ KENNISGEWING No. 129 VAN 1955.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

Aan wie daarby belang het:

Neem asseblief kennis dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, en Ordonnansie No. 20 van 1903 (Transvaal) en wette daarin genoem, ingevolge kennisgewing van onteiening No. T.4346A, gedateer 30 Julie 1948, en op 13 Augustus 1948 gedien, sekere grond vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens van die Stadsraad van Pretoria onteien het, synde—

(1) Gedeelte No. 31 van gekonsolideerde erf (reserwe) No. 171, industriële dorpsgebied, Pretoria, geleë in die distrik Pretoria, groot 5·9147 morg, soos breedvoeriger aangedui en omskryf op Kaart S.G. No. A.8152/49 wat in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Johannesburg ter insae lê, en kragtens sertifikaat van gekonsolideerde titel No. 18688/1946 van 24 Junie 1946 deur die Stadsraad van Pretoria gehou word;

(2) Erf No. 181 (voorheen 'n gedeelte van Delfosweg), industriële dorpsgebied, Pretoria, groot 33,941 vierkantvoet, soos breedvoeriger aangedui en omskryf op kaart S.G. No. 6132/47, en deur die Stadsraad van Pretoria gehou kragtens sertifikaat van geregistreerde titel No. 25190/1951 van 12 Oktober 1951 waarby Kaart S.G. No. 6132/47 aangeheg is;

(3) Reserwe No. 175, industriële dorpsgebied, Pretoria, groot 44,571 vierkantvoet soos breedvoeriger aangedui en omskryf op die algemene plan van die industriële dorpsgebied, Pretoria, S.G. No. A.1329/34, en deur die Stadsraad van Pretoria gehou kragtens sertifikaat van gekonsolideerde titel No. 712/1935 van 23 Januarie 1935 waarby Plan S.G. No. 1329/34 aangeheg is.

Die voornoemde grond is onderworpe aan sekere voorwaardes, en kennis word hierby gegee dat die Administrasie die Registrateur van Aktes kragtens die voornoemde bevoegdheid sal versoek om die genoemde grond vry van die voorwaardes hieronder aangestip teenoor die betrokke titelbewyse, in naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer kragtens die bepalings van artikel *een-en-dertig* van Wet No. 47 van 1937, of wysigings daarvan:—

✱ NOTICE No. 129 OF 1955.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

To whom it may concern:

Please take notice that under the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, and Ordinance No. 20 of 1903 (Transvaal) and statutes therein referred to, the Administration as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. T.4346A, dated 30th July, 1948, served on 13th August, 1948, expropriated from the City Council of Pretoria certain land being—

(1) Portion No. 31 of Consolidated Erf (Reserve) No. 171, Pretoria Industrial Township, situate in the District of Pretoria, measuring 5·9147 morgen, as more fully shown and described on Diagram S.G. No. A.8152/49, lying for inspection in the office of the General Manager, South African Railways and Harbours, Johannesburg, and held by the City Council of Pretoria under Certificate of Consolidated Title No. 18688/1946, dated 24th June, 1946.

(2) Erf No. 181 (formerly portion of Delfos Road), Pretoria Industrial Township, measuring 33,941 square feet as more fully shown and described on Diagram S.G. No. 6132/47 annexed to and held by the City Council of Pretoria under Certificate of Registered Title No. 25190/1951, dated 12th October, 1951.

(3) Reserve No. 175, Pretoria Industrial Township, measuring 44,571 square feet, as more fully shown and described on General Plan of Pretoria Industrial Township S.G. No. A.1329/34, annexed to and held by the City Council of Pretoria under Certificate of Consolidated Title No. 712/1935, dated 23rd January, 1935;

for the South African Railways and Harbours.

The land hereinbefore described is subject to certain conditions and I hereby give notice that when transfer is taken of the said land, the Administration will, by virtue of its powers aforesaid, call upon the registrar of Deeds to enregister transfer of the said land in favour of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration under the provisions of section *thirty-one* of Act No. 47 of 1937, or any amendment thereof free of the conditions as enumerated and shown opposite the respective Title Deeds:—

Titelbewys No.	Beskrywing van grond waarvan transport geneem gaan word.	Voorwaardes wat geskrap word.
(1) Sertifikaat van gekonsolideerde titel No. 18688/46	Gedeelte No. 31 van gekonsolideerde erf (reserwe) No. 171, industriële dorpsgebied, Pretoria, geleë in die distrik Pretoria	(*a*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*), (*l*), (*m*).
(2) Sertifikaat van geregistreerde titel No. 25190/51	Erf No. 181 (voorheen 'n gedeelte van Delfosweg), industriële dorpsgebied, Pretoria	(*a*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*).
(3) Sertifikaat van gekonsolideerde titel No. 712/35	Reserwe No. 175, industriële dorpsgebied, Pretoria	(1), (4), (5), (6), (7), (9), (10), (11), (12), (13), (14), (15), (16).

D. H. C. DU PLESSIS,
Hoofbestuurder van die
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. L.D. 1/1/100.

✱ KENNISGEWING No. 130 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN WAAIHOEK.

Hierby word ooreenkomstig deel IV van die regulasies wat kragtens artikels *sewe-en-sewentig* en *ses-en-tagtig* van Wet No. 8 van 1912, soos gewysig, opgestel is, bekendgemaak dat 'n vergadering om 11-uur vm. op 15 April 1955 in die Magistraatskantoor, Worcester, gehou sal word om een lid van bogenoemde Raad te kies in die plek van mnr. P. P. du Toit wie se ampstermyn op 23 Mei 1955 verstryk.

J. A. PIENAAR,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Worcester,
31 Januarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 131 VAN 1955.

BESPROEIINGS- EN WATERBEWARINGS WET No. 8 VAN 1912.

IN DIE WATERHOFDISTRIK No. 3.

KENNISGEWING VAN VERHOOR.

Die aansoek van Hendrik Jacobus van Zyl, van Twistniet, Pk. Kruispad, oor Montagu, teen die Minister van Besproeiing om die bepaling van die bedrag van die vergoeding vir die skade gely in verband met die Kingnarivierbesproeiingsskema.

Geliewe kennis te neem dat die Waterhof van hierdie Waterhofdistrik bogenoemde aansoek sal verhoor in die Magistraatshof, Robertson, op die Eerste dag van Maart 1955 om tien-uur in die voormiddag.

Selfs al maak u nie persoonlik u opwagting nie en al word u ook nie deur iemand wat skriftelik deur u gemagtig is, op die tyd en plek hierbo vermeld, verteenwoordig nie, sal dié bevel gegee en dié stappe gedoen word wat die hof regverdig en dienstig beskou.

J. LANSDOWN,
Waarnemende Griffier van die Waterhof.

Kamer 57, Nuwe Geregshofgebou,
Keeromstraat,
(Privaatsak Hooggeregshof),
Kaapstad.
1 Februarie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 132 VAN 1955.

BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK.

KENNISGEWING INSAKE VOORGENOME FOTOGRAFERING VAN DIE PUBLIEK IN SEKERE OMSKREWE GEBIEDE IN NATAL VIR DOELEINDES VAN DIE BEVOLKINGSREGISTER.

Ingevolge die bepalings van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950, moet elke persoon (blank, gekleurd, Kaapse Maleier en Asiaat) wat 16 jaar of ouer is, op eie koste twee afdrukke van 'n onlangse foto van homself aan die Direkteur van Sensus verskaf.

Title Deed No.	Description of Land to be Transferred.	Conditions Expunged.
(1) Certificate of Consolidated Title No. 18688/46	Portion No. 31 of Consolidated Erf (Reserve) No. 171, Pretoria Industrial Township, situate in the District of Pretoria	(*a*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*), (*l*), (*m*).
(2) Certificate of Registered Title No. 25190/51	Erf No. 181 (formerly portion of Delfos Road), Pretoria Industrial Township	(*a*), (*c*), (*d*), (*e*), (*f*), (*h*), (*i*), (*j*), (*k*).
(3) Certificate of Consolidated Title No. 712/35	Reserve No. 175, Pretoria Industrial Township	(1), (4), (5), (6), (7), (9), (10), (11), (12), (13), (14), (15), (16).

D. H. C. DU PLESSIS,
General Manager of the
South African Railways and Harbours.

Ref.: L.D. 1/1/100.

✱ NOTICE No. 130 OF 1955.

WAAIHOEK IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given, in terms of Part IV of the regulations framed under the provisions of sections *seventy-seven* and *eighty-six* of Act No. 8 of 1912, as amended, that a meeting will be held at the Magistrate's Office, Worcester, on 15th April, 1955, at 11 o'clock a.m. for the election of one member for the above-mentioned Board *vice* Mr. P. P. du Toit whose period of office expires on the 23rd May, 1955.

J. A. PIENAAR,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Worcester,
31st January, 1955.

✱ NOTICE No. 131 OF 1955.

IRRIGATION AND CONSERVATION OF WATERS ACT, No. 8 OF 1912.

IN THE WATER COURT OF THE WATER COURT DISTRICT No. 3.

NOTICE OF HEARING.

Application of Hendrik Jacobus van Zyl, of Twistniet, P.O. Kruispad, *via* Montagu, versus The Minister of Irrigation, for the determination of the amount of compensation for damages suffered in connection with the Kingna River Irrigation Scheme.

Take notice that the Water Court of this Water Court District will hear the above application in the Magistrate's Court, Robertson, on the First day of March, 1955, at the hour of ten in the forenoon.

Even if you do not attend either in person or by another person authorised in writing by you at the time and place above-mentioned, such order will be made and proceedings taken as the Court may think just and expedient.

J. LANSDOWN,
Acting Registrar of the Water Court.

Room 57, New Law Courts,
Keerom Street,
(Private Bag Supreme Court),
Cape Town.
1st February, 1955.

✱ NOTICE No. 132 OF 1955.

BUREAU OF CENSUS AND STATISTICS.

NOTICE RELATIVE TO THE PROPOSED PHOTOGRAPHING OF THE PUBLIC IN CERTAIN DEFINED AREAS IN NATAL FOR PURPOSES OF THE POPULATION REGISTER.

In terms of the Population Registration Act, 1950, every person (white, coloured, Cape Malay and Asiatic) of 16 years of age and over, shall, at his own expense, furnish the Director of Census with two copies of a recent photograph of himself.

Elke sodanige persoon moet hom tussen Maandag, 14 Februarie 1955, en Donderdag, 30 Junie 1955, laat afneem en twee foto's aan die Direkteur van Sensus, Pretoria, stuur.

Gemagtigde fotograwe sal alle besonderhede verstrek en die nodige vorms verskaf.

Die Natalse gebied wat vir hierdie doel afgebaken is, beslaan die volgende distrikte:—

Camperdown, Durban, Inanda, Lower Tugela, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Shepstone, Umlazi en Umzinto.

Every such person must have his photograph taken between Monday, 14th February, 1955, and Thursday, 30th June, 1955, and forward two prints to the Director of Census, Pretoria.

Authorised photographers will supply all information and necessary forms.

The Natal area which is demarcated for this purpose embraces the following districts:—

Camperdown, Durban, Inanda, Lower Tugela, Pietermaritzburg, Pinetown, Port Shepstone, Umlazi and Umzinto.

✱ KENNISGEWING No. 133 VAN 1955.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

ERNSTIGE EPIDEMIESE SIEKTES IN DIE UNIE.

Gevalle en sterfgevalle aangegee gedurende die maand November 1954:—

✱ NOTICE No. 133 OF 1955.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF HEALTH.

FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASES IN THE UNION.

Cases and Deaths reported during the month of November, 1954:—

Provinsie.—*Province.*	Tifuskoors. *Typhus Fever.*				Pokkies. *Smallpox.*				Pes. *Plague.*			
	Blankes. *Europeans.*		Nie-blankes. *Non-Europeans.*		Blankes. *Europeans.*		Nie-blankes. *Non-Europeans.*		Blankes. *Europeans.*		Nie-blankes. *Non-Europeans.*	
	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*	Gevalle. *Cases.*	Sterfgevalle. *Deaths.*
Kaap—*Cape*	2	—	14	—	—	—	1	—	—	—	2	2
Transvaal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Oranje-Vrystaat—*Orange Free State*	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	4	1
Natal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
TOTALE—*Totals*	2	—	14	—	—	—	1	—	—	—	6	3

✱ KENNISGEWING No. 134 VAN 1955.

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

BULLETIN No. 5 VAN 1955, VIR DIE SEWE DAE GEËINDIG DONDERDAG, 3 FEBRUARIE 1955.

PES.

Geen.

POKKIES.

Geen.

TIFUSKOORS.

Kaapprovinsie.

Een (1) Naturellegeval in die distrik Herschel.

Een (1) Naturellegeval in die distrik Glen Gray.

Diagnose van albei gevalle deur laboratoriumtoetse bevestig.

Transvaal.

Drie (3) Naturellegevalle in die distrik Heidelberg. Diagnose deur laboratoriumtoetse bevestig.

EPIDEMIESE SIEKTES IN ANDER LANDE.

Volgens jongste berigte is daar:—

Pes.—Geen.

Cholera in Chittagong, Dacca (Pakistan).

Pokkies in Mergui, Moulmein (Birma); Phnom-Penh (Kambodja); Bombaai, Lucknow, Madras, Tellicherry (Indië); Karachi, Lahore (Pakistan); Mogadiscio (Somalië); Tanga (Tanganjika).

Tifuskoors in Yosu (Korea).

J. J. DU PRÉ LE ROUX,
Sekretaris van Gesondheid.

✱ NOTICE No. 134 OF 1955.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF HEALTH.

BULLETIN No. 5 OF 1955, FOR THE SEVEN DAYS ENDED THURSDAY, THE 3RD FEBRUARY, 1955.

PLAGUE.

Nil.

SMALLPOX.

Nil.

TYPHUS FEVER.

Cape Province.

One (1) Native case in the Herschel District.

One (1) Native case in the Glen Gray District.

Diagnosis of both cases confirmed by laboratory tests.

Transvaal.

Three (3) Native cases in the Heidelberg District. Diagnosis confirmed by laboratory tests.

EPIDEMIC DISEASES IN OTHER COUNTRIES.

At date of latest available information there existed:—

Plague.—Nil.

Cholera in Chittagong, Dacca (Pakistan).

Smallpox in Mergui, Moulmein (Burma); Phnom-Penh (Cambodia); Bombay, Lucknow, Madras, Tellicherry (India); Karachi, Lahore (Pakistan); Mogadiscio (Somalia); Tanga (Tanganyika).

Typhus Fever in Yosu (Korea).

J. J. DU PRÉ LE ROUX,
Secretary for Health.

✱ KENNISGEWING No. 135 VAN 1955.

BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK.

KENNISGEWING INSAKE VOORGENOME FOTOGRAFERING VAN DIE PUBLIEK IN DIE WESTELIKE KAAPPROVINSIE VIR DOELEINDES VAN DIE BEVOLKINGSREGISTER.

